

F. A. STEYTLER — 'N WAARDERING

Op 27 Desember 1962 het ons deur die dood ontval die bekende historikus en oud-inspekteur van skole, mnr. F. A. Steytler. Hoewel nie in die eerste plek historikus van beroep nie, het hy 'n liefde en toewyding vir geskiedenis gehad wat inderdaad seldsaam was. En waar *Historia* in hom een van sy medewerkers verloor, pas dit ons om hier in 'n kort waardering sy vrugbare lewe te gedenk.

Frederick Albert Steytler is op 1 Augustus 1890 op Boshof gebore waar sy vader, die latere bekende ds. J. G. Steytler, toe skoolhoof was. Toe sy vader in 1897 besluit om in die teologie te gaan studeer, verhuis die familie na Stellenbosch, waar ook die moeilike oorlogsjare deurgebring is. Ds. Steytler het na hy afgestudeer was in die konsentrasiekamp op Potchefstroom gaan arbei en later weens onversigtige uitlatings in 'n interneringskamp op Matjesfontein beland, terwyl die moeder met die gesin in Stellenbosch alleen die mas moes opkom. Na die oorlog was ds. Steytler predikant te De Rust (1902), Hopefield (1905), Beaufort-Wes (1912) en Piketberg (1920 tot sy dood in 1932). Behalwe in Stellenbosch het Fred, soos hy genoem is, sy jeug op 'n paar plattelandse dorpies deurgebring, waar hy miskien sy opvallende liefde vir die veld opgedoen het.

Aan die Normaalkollege in Kaapstad het hy hom vir die onderwysberoep bekwaam en die diplomas O.3 en O.2 in 1909 en 1910 onderskeidelik behaal. Sy eerste onderwyspos was aan die Hoër Jongenskool, Rondebosch, in 1911 en 1912. Daarna is hy as student na Stellenbosch waar hy die B.A.-graad in 1914 behaal. ('n M.A.-graad behaal hy in 1918 na hy al weer onderwys gegee het). Hy was op Stellenbosch toe die Afrikaanse Taalbeweging ongeveer sy hoogtepunt bereik het en toe die jong dr. Tobie Muller sy besielende invloed op die studente laat geld het.

Na afloop van sy studie verhuis die jong onderwyser na die Oranje-Vrystaat waar hy die beste jare van sy lewe sou deurbring. Van 1915 tot 1920 is hy onderhoof van die skool op Fauresmith (hier tree hy in die huwelik met mej. Henriette Sanders); van 1920 tot 1921 assistent-onderwyser op die hoërskool van Kroonstad; daarna van 1922 tot 1928 skoolhoof op Ladybrand. In 1928 word hy bevorder tot inspekteur van skole, eers op Harrismith vir 14 jaar lank, daarna vir twee jaar op Bethlehem en van 1945 tot sy aftrede in 1951 op Bloemfontein. Kort hierna is hy in diens van die Suid-Afrikaanse Argiewe vir drie jaar na Londen gestuur om historiese materiaal in verband met die Anglo-Boere-oorlog in te samel. Na sy terugkeer was hy tot enkele maande voor sy dood aan die Staatsargief te Pretoria verbonde.

Bogenoemde is slegs die uiterlike besonderhede van 'n werksame lewe. Waarskynlik vanaf sy prille jeug het hy 'n blywende hartstog vir Geskiedenis ontwikkel. Hy het dikwels vertel dat hy feitlik nooit iets anders as geskiedenis gelees het nie. Kort na sy huwelik het sy vrou hom aangeraai om in die regte te studeer en vennoot te word in die prokureursfirma van wyle minister Klasie Havenga, toe sy swaer — hulle is met twee susters



Mr. J. Steytler

getroud — maar nadat hy 'n paar wetsboeke deurgeworstel het, het hy besluit om hom liewers tot die geskiedenis te bepaal.

As onderwyser en veral later as inspekteur van skole het hy hom geïnteresseer vir die onderwys van geskiedenis. Toe plaaslike geskiedenis in die leerplan ingesluit is, het hy in 'n behoefte probeer voorsien deur die geskiedenis van Harrismith op skrif te stel. Wat bedoel was as 'n kort pamflet het uitgegroei tot 'n boek: *Die Geskiedenis van Harrismith* (1932); dis miskien die eerste stuk plaaslike geskiedenis in ons literatuur wat op ernstige navorsing berus het. Hoewel die boek gebreke het, veral wat die afbakening van die onderwerp betref, het dit destyds algemene aandag getrek. Van sy hand het ook 'n paar skoolhandboeke, *Geskiedenis vir Standerd IV* (1936), *Geskiedenis vir Standerds V en VI* (1937) en *Geskiedenis vir Standerd III* (1939) verskyn, boeke wat destyds aangeprys is as nuwe en interessanter benadering van geskiedenis op skool en wat vir jare in die Vrystaatse skole in gebruik was. In 1949 verskyn nog *Die Geskiedenis van Suid-Afrika vir Naturelleskole*, wat ook baanbrekend genoem kan word.

Lief vir die anekdote kon mnr. Steytler onderhoudend gesels oor talle groter en kleiner episodes. Opvallend was die trefsekerheid waarmee hy die historiese betekenis van 'n gebeurtenis, plek of voorwerp altyd onmiddellik kon aanvoel. Terwyl hy student op Stellenbosch was, het hy daar die eerste Afrikaanse preek van dr. Tobie Muller aangehoor en hy het dikwels vertel van die atmosfeer wat dit in die kerk geskep het. Volgens hom het die preek met die Afrikaanse sin, „as ons hierdie teks goed beskou”, begin. In 1913 het hy Emily Hobhouse ontmoet toe sy onderweg na die inwyding van die Vrouemonument te Bloemfontein weens swak gesondheid nie verder as Beaufort-Wes kon reis nie en daar in die pastorie van sy vader opgeneem is. Die sterk geeskrag in haar swak liggaam het 'n besondere indruk op hom gemaak. Hy was 'n tydgenoot van wyle adv. J. G. Strijdom op Stellenbosch. Dikwels het hy vertel hoe hulle, Strijdom, hy, oud-minister Stephen le Roux en nog 'n paar ander 'n staptoer van Stellenbosch na Knysna onderneem het. Deur al die vertellings deur het altyd 'n aantreklike humorsin gestraal.

Op sy reise as skoolinspekteur het hy veral die noordoostelike Vrystaat leer ken soos min ander. Van elke koppie of sloot het hy die naam geken en die historiese assosiasie daaraan verbonde. Die geskiedenis van die veld — d.w.s. buite die geskiedenisboek — was altyd sy sterkpunt. Tallé ouer mense is uitgevra. Deur middel van 'n ou naturel het hy bv. die woonplek van Mantatisie en Sekonjela vasgestel: op die berg Joalaboholo net noord van Ficksburg. Benewens dit het hy elke sloot binne sy bereik deurgesoek na fossiele; wat hy gevind het is altyd onmiddellik aan 'n museum oorhandig; nooit het hy dinge vir homself versamel nie. Op die terrein van die stadshuis van Harrismith lê 'n lang stuk versteende boomstam wat op sy aandrang van 'n plaas uit die distrik daarheen vervoer is.

Die Groot Trek-herdenking in 1938 het veral sy verbeelding gaande gemaak. Hy het toe op Harrismith gewoon, 'n historiese punt wat die

trekroetes betref, en hy het 'n belangrike aandeel in die plaaslike feesvierings gehad. Met die Harrismithse skoolkinders het hy die naam Kerkenberg op genoemde berg uitgestraat wat vandag nog van die pad af sigbaar is. Hy was getref deur die verruklike vergesig van Retiefspas af en het hom dan ook beywer vir die oprigting van die Voortrekkermonument aldaar, op Blijde Vooruitsicht. Een van die mooiste foto's wat hy geneem het, is dié van 'n nooientjie in Voortrekkerdrag wat van Blijde Vooruitzicht oor Natal afkyk.

Soos blyk uit die twee artikels wat hy vir die Groot Trek-gedenkuitgawe van *Die Huisgenoot* geskryf het, het die voortrekkerpaaie, die passe waaroor en die driewe waardeur hulle getrek het, hom veral geïnteresseer. Na die Tweede Wêreldoorlog het hy dan ook begin met die taak om die voortrekkerroetes na te gaan en op kaart te bring, 'n taak wat hom by afwisseling die res van sy lewe besig gehou het. Met finansiële steun van die provinsiale administrasies van die O.V.S., die Kaapkolonie en Natal, later ook van die Nasionale Raad vir Sosiale Navorsing, het hy verskeie ekspedisies deur genoemde drie provinsies gelei. Van Brakfontein, Humansdorp, waar Piet Uys se woning gestaan het tot Italaberg waar hy gesneuwel het; van Retiefpos in die Winterberge tot Dingaanstat waar Retief sy ontydige dood gevind het; van Graaff-Reinet waar Gert Maritz se woning nog aangewys word tot sy graf aan die Klein Tugela; van Kommandodrif aan die Tarkarivier waar Andries Hendrik Potgieter besluit het om te trek; en langs soveel ander paaie, het hy die Voortrekkerspore probeer terugvind en die legkaart probeer voltooi. Ook het hy die roete van die Wenkommando oor Bloedrivier na Dingaanstat so noukeurig moontlik probeer vasstel. Self het hy 'n ernstige poging aangewend om die plek waar die Gelofte afgelê is, te bepaal. Sy laaste selfopgelegde taak, die vasstelling van die roete van die Beeskommando, het hy weens die slepende siekte wat toe reeds ingetree het, nie kon voltooi nie.

Al die werksaamhede in verband met die voortrekkerroetes het 'n aantal verslae ten gevolge gehad, vergesel van kaarte, en 'n reeks strokiesfilms vir skoolgebruik, saamgestel deur die Suid-Afrikaanse Filmburo. Maar ongelukkig het dit nooit uitgegroeï tot 'n breedopgesette beskrywing van die voortrekkerroetes in geheel nie. Tot sy dood het hy gevoel dat dit 'n taak is wat nog nie voltooi is nie. Benewens dit het hy verskeie aanbevelings gedoen in verband met historiese plekke wat gemerk moes word — sommige waarvan nagevolg is, ander nie. So het hy daarop aangedring dat die laerplekke in Natal gemerk moet word; dat 'n gedenkteken op die plaas Linwood aan die Tugela waar die eerste Voortrekkerkind gebore is, opgerig moes word. Nog 'n aanbeveling was dat orals waar bestaande hoofpaaie die ou voortrekkerpaaie kruis, bordjies met aanwysings aangebring moes word. Hier dien daarop gewys te word dat hy ook 'n tydlank lid van die Historiese Monumentekommissee was.

Naas die Voortrekkergeskiedenis het veral die Driejarige Oorlog hom geboei. Terwyl hy in Londen argiefmateriaal oor die oorlog versamel het, het hy uitgebreid oor die tydperk gelees, net om in die gees en atmosfeer

daarvan te kom. Een van die vrae wat hy hom steeds afgevra het was waar die Republikeinse Boer die geesteskrag vandaan gehaal het om soveel te kon aanpak en soveel te kon uithou. 'n Uitgebreide reeks herinneringe wat hy later van die oudstryder J. J. le Roy Gouws opgeteken het (*Historia*, Jrg. 2, nrs. 2 en 3 en Jrg. 3, nr. 1) is op 'n beantwoording van hierdie vraag gerig. Telkens het hy sy swaer, wyle N. C. Havenga, probeer oorreed om sy oorlogherinnerings te boek te stel, maar hy kon hom nie sover kry nie. Ten enide raad het hy eendag 'n kaart van Suid-Afrika voor hom neergelê met die versoek dat hy net moet aandui waar hy gedurende die oorlog beweeg het. So het hy die duisende myle wat 'n perdekommando in die drie jaar afgelê het, probeer bereken. Vir die *Hertzog-Annale* het hy 'n artikel oor Havenga (Sesde Jaargang, Nr. 10), asook een oor *Genl. Hertzog as Krygsman* (negende jaargang, nr. 13) en een oor *Genl. Hertzog se tog na Vanrhynsdorp* (agste jaargang, nr. 12) geskryf.

Miskien het die jare na hy as skoolinspekteur afgetree het hom die meeste bevrediging gegee, jare toe hy hom heeltemal aan die Geskiedenis kon wy. Selfs toe die hand van die slepende siekte al swaar op hom gedruk het, het 'n gesprek oor die geskiedenis sy oë nog laat opflikker. Met die hoop dat sy voorbeeld tot navolging sal strek word hierdie laat kranse op sy graf gelê.

F. J. du T. Spies